# GETUIENISBRIEF

LENTE 2018

## Kom kyk wat die Here in ons lewens doen

### Stories maak jou slim!



By Ma's-vir-Wellington gee ons vir ons kleuters breinkos. Goeie stories is bekoorlik en laat die kinders se kreatiwiteit ontwikkel. Dit is opbouend wanneer die gemeenskap ook op hierdie wyse kan hande vat. Skooltjies, besighede, privaat donateurs sowel as die Burgemeester van Drakenstein, het vandag saamgestaan om vir ons kinders 'n beter toekoms te skep.

Te danke aan die inisiatief van Dr. Thys Smith, voorsitter van die Kinderland Trust en bemarker van die storieboek, het elke kind by Ma's-vir-Wellington sy eie eksemplaar van Gertie Smit se nuwe boek, Stories vir Pikkies en Peuters, ontvang.

Lees meer...

### Kinderbediening - 'n Engel tussen ons...

Michael is sy naam. Mooi seuntjie, pragtige maniere, netjies aangetrek. Michael vang my oog omdat hy nooit deelneem aan die aktiwiteite nie. As ek vroeg oggend by die skool kom, sit hy op sy stoeltjie en wag totdat ons begin. Die kinders gil en lag en speel op die klimraam, maar hy sit. As ons die liedjies vir God sing, dans en spring en klap ons hande. Hy staan doodstil. So begin my eensydige verhouding met Michael.

My oë soek hom tussen die kinders en dan waai ek vir hom 'n soen. Hope drukkies wat ek gee, waar sy armpies net langs sy sye hang. Komplimente as hy iets moois bou met die blokkies en dit lyk of hy my nie hoor nie.

Lees meer...



### The Mother Design

Jenene Petersen van ***The World Needs a Father*** het The Mother Design kursus aan 22 van ons vrywilligers aangebied. Ons hart is om met TWNAF saam te werk en mammas in die gemeenskap te bemagtig om ten spyte van 'n vaderlose generasie, hulle gesinne te ondersteun. Deel van die doel van hierdie kursus is om vrouens aan te moedig om hulle mans se hande te vat en te ondersteun. Dit is belangrik dat ons vrouens (moeders en vroue) besef watter unieke sleutels ons vashou om 'n sterk band in die huwelik, sowel as 'n ferm, liefdevole fondasie vir ons gesinne en familie te lê.

Kontak Surette Moggee,
083 422 5530
Surette.moggee@gmail.com,
indien u in die program betrokke wil raak.



the mother design

The World Needs A FATHER

### Skooltassie projek

Ons het 84 kinders wat volgende jaar na graad R en 1 gaan. Om die kleuters toe te rus vir hul skoolloopbaan, gee ons vir hulle 'n skoolrugsak met die basiese skryfbehoeftes wat hulle sou benodig. Baie keer bly die kinders by die huise omdat die ouers nie die basiese skoolbenodighede kan bekostig nie. Ons wil graag hê dat elke kind hul skool loopbaan suksesvol sal begin en enduit voltooi. Watter beter geskenk kan mens 'n kind gee as 'n suksesvolle skoolloopbaan? Ons harte is dat elke kind sy volle potensiaal kan bereik.

Kontak Lizette Ferreira, 084 368 7667 Admin.mvw@telkomsa.net.




### Ons kinders reis deur Wellington

Hallo mense, ek is 5 jaar oud en gaan skool by die **Juweeltjies**, by die Mosaiek Sentrum in Blignautstraat. Ons skooltjie is deel van Ma's-vir-Wellington en hier leer ek om gereed te wees vir die grootskool waarheen ek volgende jaar moet gaan. Ons het hierdie kwartaal op reis gegaan. Ons het trein gery, op die vliegtuig geklim en 'n bootreis gedoen. Met die motor het ons die dorp plat gery. Ja, ons het alles van vervoer geleer.

Lees meer...



### Gepantser teen die wêreld

***"Trek die volle wapenrusting aan wat God vir julle gee"***

Efesiërs 6:10-20 leer ons van die wapenrusting wat God voorsien vir sy kinders. Die Avodah groep vir Intellektueel gestremde persone het hierdie gedeelte in die skrif vir hulself baie prakties gemaak om in hul alledaagse lewe toe te pas. Hulle het geleer dat Jesus self die wapenrusting van God is.

Lees meer...




### Hou dop!

Vrywilligers van Mosaiek, Ma's-vir-Wellington, Hopewell VSA asook gemeenskapslede van Wellington sal die volgende twee weke besig wees met veranderinge aan die Mosaiek-perseel waar ons programme aangebied word. Ons is besig om nuwe klaskamers vir ons ECD programme **(Klein Juweeltjies)** by te bou.



### Kwartaalprogram

Vir meer inligting oor al ons program datums vind die kalender op ons webtuiste.
Lees meer...

### Toerdatum: 15 Nov

Persone wat belangstel om ons organisasie te besoek, kan vir Lizette Ferreira kontak by admin.mvw@telkomsa.net
of by kantoor +27 (21) 864 1889.




zapper

Scan here to Pay

Ma's-Vi-Wellington